# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (40/10)

*Justin Chadwick (15 Oktober 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK ***"Nobody got anywhere in the world by simply being content" Louis L'Amour***

## AANVAAR VERANTWOORDELIKHEID

Drie nuusartikels het my oog gevang die afgelope week – 'n sin in een van die artikels het as volg gelui "*vir die verbruiker in die VK is hoë gehalte voedsel teen lae pryse daar om te bly*", terwyl die ander 'n artikel was wat gehandel het oor die pynappelbedryf van Costa Rica. Die artikel was gebalanseerd deur die feit dat in plaas daarvan om al die blaam volkome op die produsente vir swak werksomstandighede en die agteruitgang van die omgewing te plaas, die blaam vierkantig op onder andere ook handelaars, kleinhandelaars en JY as die verbruikers geplaas kan word. Die finale prys wat deur die verbruiker in die VK vir pynapples van Costa Rica betaal word, word tussen die kleinhandelaar (41% - verstommend), multi-nasionale handelaar (38% - steeds indrukwekkend) en die produsent/plantasie-eienaar (21% - wat ironies genoeg die een is wat AL die werk doen) verdeel. Hoe kan die handelaar en die kleinhandelaar dus sulke groot snye van die pynappel verdienstes regverdig? Watter risiko's is daar vir hulle? Ons sien almal die enorme winste wat hierdie sektore maak en hul kapitale verdienstes. Hierdie kapitaal gaan egter nie veel werd wees indien hul voortgaan om die arme produsent uit te byt nie. Dan kom ons nou by JOU as die verbruiker. Daar is 'n teorie dat die VK se regering stemme werf deur hul voedselpryse laag te hou (mag die gode op die CEO's van kleinhandelaars wat die regering met hierdie poging help, neerdaal). Die pryse wat verbruikers betaal is net nie volhoubaar nie – teen vandag se pryse, as die kleinhandelaar sy enorme deel geneem het en die gierige handelaar doen dieselfde, is daar net eenvoudig nie genoeg oor vir die produsente om hul sosiale en omgewings-verantwoordelikhede na te kom nie. In die afgelope 50 jaar het die VK se besteebare inkomste wat op voedsel spandeer word, vanaf 33% tot net 15% afgeneem.

Hierdie saak het ook in die nuutste Eurofruit tydskrif aandag geniet waar 'n Belgiese invoerder van piesangs aangehaal is - "supermarkte verwag laer en laer pryse selfs met die voortdurende styging in vervoer-, verpakking- en arbeidskostes – dit is net eenvoudig nie volhoubaar nie".

Die boodskap is dus – kleinhandelaars en handelaars het nodig om hul aandeel met 10% te sny; verbruikers moet 10% meer vir voedsel begin betaal en produsente moet 'n 20% verhoging op hul verdienstes kry as ons werklik 'volhoubaar' wil boer. In 2008 het die wêreld voedsel-onluste in die gesig gestaar. Dit is op ys geplaas omdat die resessie die aanvraag na voedsel verminder het maar die "pause button" gaan herstel word na "play" sodra die ekonomie herstel. As gierige handelaars/kleinhandelaars en swak betalende verbruikers veroorsaak het die produsente oor die wêreld uit besigheid geraak het kan ons redelike lelike gebeurtenisse verwag. Dit is duidelik dat daar gefokus moet word op wat werklik belangrik is, nl. 'n trippel onderstreping van sosiale-, omgewings- en ekonomiese-belange.

In Suid-Afrika word hierdie probleem deur die grondhervormingsprobleem versleg wat voorheen produktiewe plase in 'n toestand van verwaarlosing agterna gelaat het. Hiedie plase moet weer opgebou word om voedselsekuriteit te verseker. Suid-Afrika is arm aan hulpbronne; en die wanbestuur van natuurlike hulpbronne is dus nie 'n opsie nie.

Dus Meneer Kleinhandelaar en Koning Verbruiker – aanvaar jul verantwoordelikhede ten opsigte van die ongelukkige produsente en die hartseer planeet!!

## REGISTRASIES VIR 2011

Alle produsente word daaraan herinner dat die sluitingsdatum vir registrsies vir fitomarkte is **31 OKTOBER 2010.** Alle inligting en vorms is op www.cga.co.za. Moet asseblief nie dit vir die laaste minuut los om te registreer nie..!

## VERANDERING VAN PLEK EN KENNISGEWINGS VAN VERGADERINGS

Volgende **Woensdag, 20 Oktober gaan die Sitruskoördineringsvergadering deur DAFF aangebied word. Dit begin om 09:00 by Bee Eater Plaas net buite Nelspruit**. Meer as 70 mense het reeds bywoning bevestig (wonderlike nuus) en daarom moes ons die plek skuif om voorsiening vir die groter aantal mense te maak – ek hoop nie dit het iemand verontrief nie. Agenda en aanwysings is beskikbaar by www.cga.co.za.

Die **Standaarde Werkswinkel** gaan die dag voor die CMF gehou word - op **26 Oktober by Olive Grove, Infruitec om 12:30**. Die organiseerders het aangedui dat alle sitrus-sektore (sagte sitrus, pomelo's, suurlemoene, nawels en Valencias) saam sal vergader. Middagete sal om 11:45 bedien word ( RSVP asseblief - gloria@cga.co.za). Agenda en aanwysings is by www.cga.co.za.

Op **27 Oktober by Olive Grove, Infruitec in Stellenbosch sluit ons af met die FINALE SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF) Vergadering wat om 10:00 begin.** Agenda beskikbaar by www.cga.co.za.

Na afloop van die CMF gaan die **Japan Fokusgroep** en **Pomelo Fokusgroep** vergader om twee belangrike sake te bespreek – die koördinering van verskeping na Japan en die promosie-veldtogte van die afgelope jaar. Die vergadering sal om **14:00 by die plek waar die CMF gehou word (Olive Grove, Infruitec), begin.**

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 40 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronkilke Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo's | 12.8 m | 14 m | 12.5 m | 13.7 m | 11.2 m | 12.6 m | 12.5 m | 14.2 m | 13.7 m |
| Sagte Sitrus | 7.3 m | 6.8 m | 7.5 m | 6 m | 6.4 m | 7.5 m | 7.5 m | 6.8 m | 6 m |
| Suurlemoene | 9.4 m | 8.5 m | 9.6 m | 7.5 m | 7.5 m | 9 m | 9.6 m | 8.7 m | 7.7 m |
| Nawels | 21.5 m | 19.4 m | 22.9 m | 19.1 m | 22.6 m | 21.4 m | 22.9 m | 19.4 m | 19.1 m |
| Valencias | 41.7 m | 37.8 m | 45.6 m | 32.6 m | 36.6 m | 41.3 m | 45.8 m | 38.5 m | 35.3 m |
| Totaal | 92.8 m | 86.5 m | 98.1 m | 78.9 m | 84.3 m | 91.8 m | 98.3 m | 87.6 m | 81.8 m |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**